

Sing vooraf: Psalm 118:7 (p. 577)

- 7 Dit is die HEER wat my gesterk het. / Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het, / dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme / van vromes na die lydensnag;
hul tent weerklink van dankb're psalme: / Gods regterhand doen grote krag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 33:11 (p. 161)

- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet smeeek ons voor God vir vergewing van ons sondes met Psalm 31:2 (p. 143)

Wet

Psalm 31:2 (p. 143)

- 2 O neig u oor en red 'n lyder, / wees my by stormgerug / 'n rots om in te vlug!
Wees my 'n vesting, o bevryder, / wat op 'n berg verhewe, / my veiligheid kan gewel!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 38:17 (p. 193)

- 17 Wil my, HEER, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Skriflesing: Lukas 2

Teks: Lukas 2:35

. . . ja, 'n swaard sal deur jou eie siel gaan—sodat die gedagtes uit baie harte openbaar kan word. (Lukas 2:35 AFR1953)

Die oomblik van verlossing het aangebreek.

- Die Christus is gebore!
- Met hierdie geboorte het daar die rykdom van genade in die kerk gekom,

- maar daarmee saam ook die armoede van ongelooft!
- Terselfdertyd het ook die oomblik van oordeel aangebreek, want in die geboorte van Christus het die lig en ook die donker onder die verbondsvolk ingekom.

Dit klink alles ongelooflik, maar dis tog waar! Die Here Jesus Christus se dood het werklik met die tweesnydendheid van God se swaard gewerk en die kerk in twee groepe verdeel.

Vir eeue lank word Christus beloof as die **Messias** wat sal kom om die wêreld van sy sondes te verlos. Toe word Hy gebore.

- Hy het kom lewe tot verlossing van dié wat glo, en tot 'n vervulling van God se beloftes.
- Dis die ligkant van sy geboorte, en van ons Christenwees.

Dit kom ook na vore in sekere gebeurtenisse wat rondom sy geboorte plaasvind. Jesus se koms preek die ligkant oor die mense, en daarmee saam ook 'n duidelike skaduwee wat oor ons hang.

Kyk eers na die dag.

- Van hierdie baie besondere dag vertel die Bybel net dat Christus gebore is.
- Verder word die omstandighede verhaal waaronder Jesus gebore is.
- Die datum word verswyg, want dit gaan nie by die Here oor die dag waarop die Verlosser gebore is nie, maar oor die feit dat Hy gebore is.

Dit lyk werklik asof ons hemelse Vader ons wou beskerm teen veruitwendiging van ons godsdien.

- Die Here weet dat baie onder ons die dag meer sal aanbid as die Verlosser van die dag.
- Daarmee sou ons die werklike diepte van ons godsdien en geloof verloor het, want die Verlosser self en sy genade sou op die agtergrond geskuif het!

Die Seun van God word toe gebore in die grootste armoede.

- Aan luuksheid het dit heeltemal ontbreek by die geboorte van Christus.
- Die herberg was vol.
- Alle mense wat ruimte gehad het vir gaste, se huise was vol.
- 'n Stal is die woning waar hierdie Eregas uit die hemel op die aarde ontvang word.

Die diere waarvoor daar nie verlossing bewerk word nie, staan rondom die krip waarin die Christus van God lê.

- Die mense vir wie die Verlosser kom, is nie daar nie.
- Maar God beskik dit so dat sy uitverkorenes by die Messias uitkom.

Nou moet u ook oplet hoe daar elke keer 'n grens deurbreek word.

- Die eerstes wat kom, is arm – soos die armoede by die geboorte: Die skaapwagters.
- Kyk na die betekenis!
 - Lig vir dié wat nie het nie.
 - Hulle word sonder hulle aardse rykdom by God ontvang in Christus.
 - Hulle is die eerste groep.

Dan kom die rykes.

- Maar dis ongelowige rykes!
- Die heidene. Die wyses uit die Ooste.

- Deur die Here Jesus Christus deel hulle ook in die genade van God se verlossing.

Maar dis so anders as wat ons dit sou verwag het. Ons sou die Messias in weelde verwag. Ons sou verwag dat Hy met hemelse glorie sou kom, want Hy is tog God self! Ons sou verwag dat Hy sou kom in 'n koningsgestalte voor wie die hele wêreld onmiddellik in aanbidding neerval. Maar God wil dit anders hê.

Die Here wil hê dat die Verlosser beskeie moet kom, só beskeie dat dit onmoontlik is vir enigeen om Hom te erken en te aanbid.

- God wil dié wat by die Messias hoort, self na Hom toe lei – elkeen wanneer sy beurt daar is.
- So kom die skaapwagters eerste en die ongelowiges tweede.
- Die volk in die dorpie – almal Jode en lede van die verbondsvolk – kom nie eers een nie! Genade en oordeel!

Ons sien dieselfde ding oor die velde van Efrata gebeur.

- Dis 'n pikdonker nag.
- 'n Paar skaapwagters sit daar met hulle skape.
- Die simboliek is dat dit mense is wat vasgevang sit in die donkerte van sonde en 'n verlore wêreld.

Dan meteens breek die hemel oop!

- Die donker spat letterlik aan stukke as 'n leër van die hemel in die lug oor die velde vlieg.
- God maak lig in die donker.
- En dan, meteens, is dit weer donker! Die engelesang het weggesterf.
- Donker – lig – donker. Genade en oordeel.

Het u al gedink waarom daar soveel kontraste by Jesus se koms is?

- Lig en donker
- Rykdom en armoede
- Genade en oordeel

Die antwoord kry ons veertig dae later.

- Nadat die dae van Maria se reiniging vervul was volgens die wet van Moses, gaan Josef en Maria tempel toe.
 - Daar moet 'n lossingsoffer gebring word.
- Dis 'n daad van dankbaarheid, maar die oorsprong daarvan is in die oordeel, want hierdie offer begin by die tiende plaag in Egipteland.
 - Toe het die engel al die eersgeborenes om die lewe gebring,
 - behalwe waar daar bloed aan die deurposte was.

Ons lees weer daarvan in Numeri 3:13:

Want al die eersgeborenes is myne: op die dag toe Ek al die eersgeborenes in Egipteland getref het, het Ek al die eersgeborenes in Israel vir My geheilig, mense sowel as diere; hulle moet myne wees. Ek is die HERE.

(Numeri 3:13 AFR1953)

Daarvoor is Jesus nou tempel toe gebring.

- Hy is mos die Eersgeborene van Josef en Maria.
- Hy is ook die Eersgeborene en Eniggeborene van God, die Vader.

Dan tref die armoede ons weer.

- Die wet het voorgeskryf dat daar 'n lam geoffer moet word vir die oudste seun.
- Maar as die ouers baie arm was, kon hulle twee jong duiwe offer.

Vir Christus, die Seun van God, word daar twee jong duiwe geoffer. Vir Hom sou ons tog 'n lam verwag!

Maar wat belangrik is, is dat die Here by hierdie geleentheid nog 'n groep mense in die genade en verlossing van Christus inlyf.

- Hulle is dié wat gelowig op God se beloftes wag! Simeon! Simeon het gewag op die beloofde herstel wat deur die Messias sou kom.
- Daarom kry ons Simeon in die tempel.
 - Die Gees van God het hom gestuur om te gaan kyk – hy sou die Messias daar kry!
 - In Simeon kom ook diegene wat te midde van geweld en ellendes in hulle tyd vasstaan in hulle geloof en die beloftes van hulle Verlosser Jesus Christus bly verwag.

Hierdie mense is dié wat daarin uitblink dat hulle siel krag vind in die beloftes van God.

- Dié wat met onafgebroke versugtinge na die verlossing verlang wat aan hulle in Christus toegesê is.
- U verstaan, geliefdes, dat hierdie gebeurtenisse ons ook aanspreek!
- Staan ons ook voor Jesus Christus?

Dink hieraan, veral as ons nou begin verstaan dat Christus se koms nie net aan die tyd verbind was nie, maar ook aan die ewigheid.

- Simeon staan voor Christus as die simbool van diegene wat in die laaste dae sal wag dat Christus weer moet kom – hierdie keer om te oordeel en die volmaaktheid tot stand te bring.
- Dit gaan hier oor ons wat so naby aan die wederkoms lewe en Christus hier verwag.

Simeon is ook die man wat lig werp op al die teenstrydighede.

- Hy besit die gawe van profesie.
- Hy sien reeds die ewigheid in die tyd!
- Hy het ook nie met vleeslike oë na Christus gekyk nie! Hy het met geloofsoë na Christus gekyk.

Hy sien sy grootste geloofswens vervul in hierdie kind.

- Sy Verlosser leef!
- En Hy het in hierdie wêreld gekom!
- En hy, Simeon, het die genade van God ontvang om hierdie Verlosser van hom reeds by sy eerste koms te sien!

Onder die arm klere en die arm offer lê God wat die Verlosser is van die hemel en die aarde.

- Simeon kan nou maar sterf, want hier sien hy die Jesus wat hom van die dood sal verlos.
- Hy weet nou verseker dat hy lewend in die hiernamaals die guns van God sal sien.

Dis die ligkant van Jesus se koms. Hy neem die onrus en spanning by die ware gelowiges weg!

In vers 34 gaan Simeon nou verder:

En Simeon het hulle geseën en aan Maria, sy moeder, gesê: Kyk, hierdie Kind is bestemd tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word —
(Lukas 2:34 AFR1953)

Simeon verwys hier na wat die profeet Jesaja al gesê het (Jesaja 8:14).

Dan sal Hy vir julle 'n heiligdom wees, maar 'n klip waar 'n mens teen stamp en 'n rots waar 'n mens oor struikel, vir die twee huise van Israel, 'n vangnet en 'n strik vir die inwoners van Jerusalem. (Jesaja 8:14 AFR1953)

Elke mens in die wêreld sal met Christus te doen kry, en sal op die plek verander.

- Party sal tot 'n val kom en ander tot bekering (lewe).
- 'n Swaard gaan deur die siel van die kerk!
- Sommiges word afgekap om te sterf en ander word gered om te lewe.

Deur die geaardheid van die evangelie van Jesus Christus gaan baie mense se lewens vermorsel word.

- Want Christus kom nie net vir genade nie, en Hy is self ook nie net genade nie! As dit so was, sou daar geen hel wees nie.
- Jesaja het al gesê dat die Here kom tot 'n vrees en 'n verskrikking, nie so liefdevol soos ons kinders vandag meestal leer nie.
- Het dit nie dalk tyd geword dat ons ook aan die oordeel van Jesus Christus moet aandag gee nie?! Dit kan dalk meer diepte in ons geloof bewerk.

Die Here Jesus Christus het gekom tot 'n val vir elke mens wat die evangelie hoor maar steeds slap bly in sy geloofsluwe. Tot 'n val vir ons wat so hoogmoedig voortgaan deur die lewe asof ons alleen bestaan.

Waarom is ons so gesteld op onself?

- Die Here Jesus Christus is die Begin en die Einde! Openbaring 1:17.
- Dié van ons wat dit weet en steeds ongehoorsaam is, is eintlik dubbeld verlore, want dan getuig ons lewe dat ons buite die verbond staan en dat ons Christus verwerp omdat ons onself aanbid!

Daarom sal daar 'n swaard deur jou siel gaan. Mense gaan mekaar vervolg ter wille van sy Naam – so skryf die evangelies.

- Maria moet weet hoeveel smarte hierdie Kind gaan deurmaak.
- Hy moet die straf dra van ellendige mense sodat hulle verlos kan word, en daarom gaan sy straf verskriklik wees.
- Hy gaan aan die kruis hang totdat Hy sterf.
 - Sy sal sien hoe sy oë breek.
 - Sy gaan hoor hoe Hy sy laaste asem uitblaas.
 - Sy kry dus tyd om haar voor te berei vir die smarte wat deur Jesus in die wêreld gaan kom.

Maar hierdie swaard is ook vir ons bestem. Ons staan in die verantwoordelikheid om:

- God reg te dien
- Om te bid dat Jesus gekom het tot ons opstanding uit die dood,
- en om so te lewe dat almal kan sien dat dit wel die geval is.
- Want die tweede koms van Christus is voor die deur. Nie een weet wanneer nie – dalk sommer netnou!
- En dan kom Hy om te oordeel oor die lewende en die dode.

Hy skei! Finaal!

- Dié vir wie Hy gekom het tot 'n opstanding, maak Hy bymekaar en hulle lewe tot in ewigheid.
- Dié vir wie Hy gekom het tot 'n val, word vir ewig verdelg.
- Vir hulle gaan die swaard deur die siel.
- Geliefdes, laat ons dan ook die wederkoms verwag.

Laat die swaard wat deur jou siel gaan, jou liever van die wêreld afsny as dat dit jou afsny van die lewe by God Drie-Enig.

- Want die lewe in die hemel en in die hel duur tot in ewigheid.
- Die een net tot smarte wat onverduurbaar is, en die ander een tot vreugde wat so groot is, dat niemand dit vir jou kan beskryf nie.

Amen.

Slotgebed

Psalm 107:3 (p. 533)

- 3 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydschap in te gaan.
Laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys, / omdat Hy groot en goed is.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 12 Oktober 2008